16.22 RAPPORT 17: DEPUTATE EKUMENISITEIT BUITELANDS – LESSENAAR MEKSIKO (Art 63)

A. Ds HS Coetzee lewer die Rapport.
B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. **RAPPORT**
Deputate verantwoordelik vir die lessenaar: Dr DG Breed.

1. Iglesia Nacional Presbiteriana de México, A. R. (INPM)

Ekumeniese bande

Vir kennisname

1.1 *Opdrag*

Deputate Ekumenisiteit Buitelands kry opdrag om deurlopend kontak te maak met Gereformeerde buitelandse kerkgemeenskappe oor sake van dringende en gemeenskaplike belang kragtens KO, art 49 (Acta 1997:176, 3.1.1).

Besluit: Kennis geneem.

1.2 *Uitvoering van opdrag*

1.2.1 Nadat dr DG Douw Breed die afgevaardigdes van die INPM in 2012 in Sao Paulo tydens die General Assembly van die IPB ontmoet het, het die GKSA ‘n uitnodiging ontvang om afgevaardigdes na die General Assembly van die INPM in Monterrey, Meksiko in 16-20 Julie 2012 te stuur.

1.2.2 Drr DG Breed en PJ Buys is deur die Deputate afgevaardig om die Assembly in Monterrey by te woon. Dr Buys het ook as afgevaardigde van die World Reformed Fellowship die vergadering bygewoon.

1.2.3 Relevante inligting van die INPM

1.2.3.1 Die INPM is die grootste Calvinistiese kerkverband in Mexiko met ongeveer 6 000 gemeentes en ongeveer 1 200 000 lidmate.

1.2.3.2 Hulle het 700 predikante daar is 50 “presbyteries”, 8 streeksinodes, 1 General Assembly en 7 Teologiese Seminariums vir predikantsopleiding.

1.2.3.3 Hulle funksioneer in die volgende amptelike tale: Spaans, Maya, Chol, Tzetal, Tojolabal, Mixe, Mixteco en ander Indiaanse tale. Tydens die Sinodesitting is slegs Spaans gebruik en is in Engels vertaal ter wille van die buitelandse afgevaardigdes.

1.2.3.4 Hulle Belydenisskrifte is die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus, die Dordtse Leerreëls en die Westminster Konfessie van 1646/47. Die INPM erken nog 5 internasionaal erkende Gereformeerde Belydenisskrifte soos die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Gallikaanse konfessie, die Skotse konfessie en die Tweede Helvetiese konfessie.

1.2.3.5 Die INPM het pas die 140 jarige bestaansjaar op luisteryke wyse gevier.

1.2.3.6 Die INPM het verskeie kerklike bande met kerke met wie die GKSA ook bande het: onder andere die CRCNA, PCA en die CGK. Die INPM is ook lid van die WRF.

1.2.3.7 Dit was vir die GKSA se afgevaardigdes uit indringende gesprekke en uit die verrigtinge tydens die General Assembly duidelik dat die INPM erns maak met die Woord van God en getrou is aan die Belydenisskrifte.

1.2.4 Tydens die besoek van die afgevaardigdes van die GKSA aan Meksiko was daar by die INPM groot belangstelling in die spesifieke opleiding wat predikante van die GKSA ontvang asook opleiding in ander rigtings wat deur die NWU aangebied word. Dr Breed is versoek om die moontlikheid te ondersoek dat studente van die INPM hulle teologiese en ander opleiding via die NWU se Oop Leer Programme kon ontvang.

Hierdie versoek is opgevolg en in Desember 2012 het ‘n afvaardiging van die NWU bestaande uit die Rektor van die Puk-kampus en enkele dekane en ander personeel Meksiko besoek.

Baie suksesvolle samesprekings is met die INPM se teologiese skool in Monterrey gevoer. Dit het geblyk moontlik te wees dat die NWU saam met die betrokke teologiese skool ‘n universiteit in Monterreykan begin. Die moontlikheid om met die Fakulteite Teologie en Ekonomiese Wetenskappe te begin, is bespreek. ‘n Besoek is ook gebring aan ‘n opleidingsinstelling, Alfa y Omega van die INPM in Villahermosa, Meksiko. Dit was duidelik dat die NWU in samewerking met die Alfa y Omega voorgraadse en nagraadse klasse in Villahermosa sou kon begin gee.

Die NWU en die instelling Alfa y Omega het ‘n ooreenkoms van “intend” onderteken. Intussen het afgevaardigdes van die INPM die NWU besoek en is vordering gemaak met reëlings dat met die oopleerprogramme vanuit Potchefstroom in Meksiko begin kan word.

Besluit: Punte 1.2.1 tot 1.2.4 kennis geneem.

Vir besluitneming

1.3 *Aanbevelings*

1.3.1 Dat met dank kennis geneem word van die groei in die kerklike verhouding tussen die GKSA en die INPM en van die moontlike samewerking in teologiese en ander opleiding.

1.3.2 Dat Ekumeniese Bande met die INPM gesluit word.

Besluit: Punte 1.3.1 en 1.3.2 goedgekeur.

16.23 DEPUTATE EKUMENISITEIT BUITELANDS – GROETEBOODSKAPPE (Artt 70, 78, 195, 232)

A. GROETEBOODSKAPPE : BUITELANDSE KERKE

Verteenwoordigers van onderskeie kerke kry geleentheid om groete oor te dra:

1. Christelijke Gereformeerde Kerken in Nederland: W Middelkoop.
2. Christian Reformed Churches in North America: P Borgdorff.
3. Christian Reformed Churches of Australia: L Douma.
4. Orthodox Presbyterian Churches in America: T Curto.
5. Kosin Presbyterian Church in Korea: KH Kwon.
6. Reformed Church of East Africa: MKK Maina.
7. Reformed Churches of New Zealand: J Rogers.
8. Sudanese Reformed Churches: P Jok Ding.
9. United Reformed Church of Congo: M Kabongo.
10. Reformed Presbyterian Church in Africa: R Mabonga.
11. World Reformed Fellowship: PJ Buys.
12. Presbyterian Church of America: L Duncan.
13. Nederlandse Gereformeerde Kerken: AH Reitsema.

Die voorsitter, dr DG Breed, rig ‘n woord van dank aan die onderskeie verteenwoordigers met die versoek om die groete van die vergadering aan hulle onderskeie kerke oor te dra. Die vergadering sing die onderskeie kerke Lifela Tsa Sione 12 en Ps 134:4 toe.

B. DANKWOORD AAN VERTEENWOORDIGERS VAN BUITELANDSE KERKE

Ds HPM van Rhyn rig ‘n dankwoord aan die verteenwoordigers van Buitelandse Kerke met die versoek om groete oor te dra aan hulle onderskeie kerke. Hy gaan voor in gebed waarna die vergadering hulle die seën van die Here toesing.

C. AFSKEIDSBOODSKAP

Dr J Rogers, Reformed Churches of New Zealand, rig enkele woorde van dank en seënwense aan die vergadering. Die voorsitter, dr DG Breed, bedank hom en wens hom ‘n voorspoedige reis toe.